‘n Tuin van vrede en vrug | 12 Februarie 2023 | Ds. Teodor van der Spuy

tvanderspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Ons bly in die wingerd wat PC verlede week ingelei het hierdie week. Ons kyk hierdie week na die treurlied wat God sing oor Sy wingerd in die Ou Testament. Hierdie lied is terloops die kortste weergawe om die hele ballingskap te verduidleik. Die ballingskap verwys na die gebeurtenis waar die volk Israel ongehoorsaam was aan God en hulle laat oorgee het in die hand van ander volke. Dit het ook die koms van Jesus genoop omdat daar nie meer ‘n versoeningsplan in plek was deur Israel nie. Dit is baie moeilik om die OT te verstaan as dit nie in die lig van hierdie groot gebeurtenis in Israel se geskiedenis verstaan word nie.

Wenke vir leier

Kyk saam met jou groep The Bible Project se verduideliking van die ballingskap.

Kliek Hier

Lees saam

Jesaja 5

1 Ek wil sing oor Hom wat ek liefhet, ek wil my liefdeslied sing oor sy wingerd: Hy wat ek liefhet, besit 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel. **2** Hy het die grond omgespit en die klippe verwyder, dit beplant met veredelde wingerdstokke. Hy het 'n wagtoring daarin gebou en 'n parskuip uitgekap. Hy het verwag dat dit goeie druiwe sou dra, maar toe bring dit druiwe voort wat suur bly. **3** En nou, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, beslis tog tussen My en my wingerd. **4**Wat kan Ek nog vir my wingerd doen wat Ek nie reeds gedoen het nie? Wat is dan die rede dat dit suur druiwe voortgebring het terwyl Ek verwag het dat dit goeie druiwe sou dra? **5** Ek maak julle nou bekend wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek gaan die doringheining verwyder en verbrand, sy muur afbreek, sodat die wingerd vertrap kan word. **6** Ek gaan hom tot niet maak. Hy sal nie meer gesnoei of geskoffel word nie, maar ingeneem word deur doringbosse en onkruid. Ek sal die wolke verbied om daarop te reën. **7** Die wingerd van die Here die Almagtige, die wingerd wat Hy geplant het en waarin Hy Hom wou verlustig, is die Israeliete, die volk van Juda. Die Here het verwag dat daar reg sou wees, maar daar was net onreg, dat daar geregtigheid sou wees, maar daar was net die hulpgeroep van veronregtes.

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun, Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onsself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer

Kliek vir verdere studie materiaal

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?

Hierdie verhaal wys dat ons bestem is om goeie vrug te dra. Deel verhale met mekaar van mense wat julle weet veronderstel was om goeie vrug te dra wat die verkeerde vrug dra.

Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035